Beste Kollega,

Ons het verlede jaar ‘n baie sinvolle **IN PAS-gesprek** in die Oostelike Sinode per zoom gehad waaraan jy deel gehad het.

Jammer dat ons nou eers terugkom na jou. Die 2de golf van die pandemie het ons almal onkant gevang en het groot uitdagings aan ons kapasiteit gestel.

Ons wil graag van die Missionale Projekspan se kant die **IN PAS-proses** in die Oostelike Sinode op dreef kry en dit as ‘n prioriteit hanteer. Ons glo dat om in pas met die lewende God te leef in die uitdagende omstandighede waarin ons leef, juis noodsaaklik is om ons missionale roeping met energie uit te leef.

**Ons wil dit graag soos volg doen:**

1. Die Missionale Projekspan het vir Johan Taute gevra om ons **sinodale verteenwoordiger** te wees. Hy sal in die toekoms daaroor met julle kommunikeer. Hy is ook deel van ons Missionale Projekspan.
2. Ons wil spoedig weer ‘n **gesprek voer** met almal in die sinode wat belangstel in die IN PAS-proses sodat ons kan praat oor die praktiese stappe vorentoe en hoe ons mekaar kan ondersteun op hierdie reis.
3. Hierdie gesprek vind DV plaas op **Woensdag 9 Junie 11:00-13:00** per Zoom. (Die skakel is onder in die epos.)
4. **Nooi gerus** kollegas of gemeenteleiers saam op hierdie reis. Ons sal ook via die FamilieNuus weer mense uitnooi om saam met ons op hierdie reis te gaan.

Mag die Gees ons help om **IN PAS met die lewende God** te leef in hierdie unieke en uitdagende tyd.

Groete en seënwense in Christus

Frikkie Coetzee en Johan Taute

nms Missionale Projekspan

**<u>Skakel: Join Zoom Meeting:</u>**

Topic: IN PAS - Oostelike Sinode

Time: Jun 9, 2021 11:00 AM Harare, Pretoria

https://zoom.us/j/99089472352?pwd=WXBmckVsQmdYRVMyMm1vWjBkVThHZz09

Meeting ID: 990 8947 2352

Passcode: 322148

